

## **DIE VERBAND TUSSEN DEELNAME AAN EKSTRAKURRIKULÊRE AKTIWITEITE EN PSIGIESE WELSTAND BY SWART ADOLESSENTE**

Anna VAN STADEN, Adelene GROBLER & Karel ESTERHUYSE  
*Departement Sielkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein,  
Republiek van Suid-Afrika*

### **ABSTRACT**

*This study investigated the relationship between participation in extracurricular activities and psychological wellbeing amongst black adolescents. Since the extent of participation in extracurricular activities may depend on the socio-economic status of the adolescent's parents, this last variable was used as moderator in the relationship between the first two variables. This study was conducted amongst 508 Grade 11 and 12 learners at two English-medium secondary schools in the Motheo district. The schools are representative of traditional Model C and township schools respectively. The measuring instruments included the Sense of Coherence Questionnaire, the Satisfaction with Life Questionnaire, as well as a self-compiled questionnaire pertaining to extracurricular activities and socio-economic status. No significant relationship was found between satisfaction with life and participation in school-related and non-school-related extracurricular activities for the total group of learners or for the learners in each particular school. However, a significant relationship was found between sense of coherence and participation in extracurricular activities outside of school for the total group of learners as well as the learners in the township school.*

**Key words:** Extracurricular activities; Psychological wellbeing; Sense of coherence; Adolescence.

### **INLEIDING**

Die adolessent van vandag word binne en buite die skoolverband aan verskeie invloede blootgestel. Hierdie invloede dra positief of negatief by tot die adolessent se vorming. Adolessensie (die oorgang tussen die kinderjare en volwassenheid) is een van die mees komplekse oorgangstydperke in die lewe. Met families wat omgee, goeie skole, voorkomende gesondheidsorg en ondersteunende gemeenskapsinstansies kan baie adolessente wel hul pad deur hierdie kritieke fase vind. Maar vir baie ander kan die struikelblokke in hul pad hul fisieke en emosionele gesondheid en hul motivering en vermoë om sukses te behaal, belemmer en kom gesondheidsrisikogedrag by adolessente voor (Hamburg, 1997; Coetzee & Underhay, 2003). Verskeie struikelblokke kom volgens Asmal (1999) in die Suid-Afrikaanse skole voor soos onder andere: vandalisme, die dra en gebruik van vuurwapens, dwelmshandel en -misbruik, verkragting, onveilige seks, fisieke aanranding, moord en selfmoord. Verder kom chroniese armoede en gesinsverbrotte veral in voorheen benadeelde gemeenskappe voor (Beukes, 1994). Die voorkoms van hierdie sosiale probleme lei tot gevoelens van onveiligheid en vrees en vernietig die basis van 'n leergemeenskap (Asmal, 1999). Dit is veral die geval by swart skole, as deel van voorheen benadeelde gemeenskappe. Die swart jeug, veral jong mans, bly die primêre slagoffers en beoefenaars van misdaad en geweld in Suid-

Afrika (Palmary & Moat, 2002). Volgens Asmal (1999) word hierdie en ander probleme in die opvoedingsstelsel nie tans effektief aangepak nie en moet daar nog baie daaromtrent in dié land gedoen word.

Een benadering om veiligheid by skole te verbeter, is om te verseker dat skole plekke is waar lewenskwaliteit voortdurend verbeter word. Dit kan dien as 'n manier om die sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore wat die kans verhoog vir leerders se betrokkenheid by misdaad en ander nadelige gedrag (soos hierbo genoem) aan te spreek (Palmary & Moat, 2002). Volgens Diener *et al.* (1985) blyk dit dat individue wat met hul lewe tevrede is, oor die algemeen goed aangepas en vry van psigopatologie is. Dit mag ook die kans verminder dat hulle die onmiddellike, maar selfvernietigende bevrediging van dwelms, seks en geweld sal opsoek.

Diener *et al.* (1985) definieer lewensvrede as individue se kognitiewe assessering van hul algehele lewenskwaliteit en beskou dit as 'n belangrike aanwyser van algehele psigiese welstand. Psigiese welstand word deur Diener en Diener (1996) as 'n mens se evaluasie van sy lewe beskou. Psigiese welstand is 'n meerfasette samestelling (Gilman, 2001). Antonovsky (1987) onderskei tussen meer globale aanduiders van psigiese welstand soos geluk, lewensvrede, moraal en positiewe (sowel as negatiewe) affek aan die een kant, en hoe 'n persoon oor sy funksionering voel, aan die ander kant. Eersgenoemde is baie afhanklik van die inherente potensiaal van die objektiewe situasie. Volgens Clark *et al.* (1999) is lewensvrede, as 'n vergelyking tussen iemand se aspirasies en wat hy wel bereik het, 'n meer stabiele evaluering van 'n persoon se lewensposisie as geluk. Die tweede deel van Antonovsky se definisie van psigiese welstand hou met koherensiesin verband. Volgens laasgenoemde outeur word koherensiesin beskou as 'n volgehoue en dinamiese gevoel van selfvertroue dat (a) die stimuli wat van 'n persoon se interne en eksterne omgewing ontstaan gestruktureerd, voorspelbaar en verstaanbaar is; (b) bronne beskikbaar is om die uitdagings wat hierdie stimuli bied, te kan hanteer en (c) hierdie uitdagings betekenisvolle ervarings is waarin belê kan word.

Volgens Antonovsky (1987) word 'n persoon se koherensiesin eers tydens vroeë volwasseheid min of meer gevestig. Daar is bevind dat die stabiliteit van die gemeenskap, ouderdom en geslag verband hou met die ontwikkeling van koherensiesin by adolessente en dat dit met ouderdom toeneem (Antonovsky & Sagy, 1986). Koherensiesin verwys nie na 'n bepaalde hanteringsstrategie nie, maar na faktore wat in alle kulture altyd die basis vorm vir die suksesvolle hantering van stressore (Antonovsky, 1987), wat beteken dat mense vanuit verskillende kulture 'n soortgelyke koherensiesin mag hê, selfs ten spyte van groot sosio-ekonomiese verskille (Bowman, 1996). Antonovsky en Sagy (1986) het bevind dat adolessente seuns beduidende hoër vlakke van koherensiesin as adolessente meisies openbaar. Bowman (1996) het ook bevind dat, net soos in die geval van lewensvrede, 'n sterk omgekeerde verband tussen koherensiesin en depressie, angste en fisiese simptome as tekens van psigopatologie, voorkom. Deur te probeer om adolessente se koherensiesin en lewensvrede, en dus hul psigiese welstand, te verhoog, kan die hoër voorkoms van depressiwiteit, selfmoord en posttraumatische stres wat volgens Beukes (1994) by swart hoërskoolleerders voorkom, verminder word.

Volgens Erikson (Masten & Coatsworth, 1998) is betrokkenheid by ekstrakurrikulêre aktiwiteite een van die ontwikkelingsake van adolessensie. Deelname aan ekstrakurrikulêre

aktiwiteite kan dus 'n waardevolle rol in die ontwikkeling van adolessente vervul (Eccles & Barber, 1999). Vryetydsaktiwiteite kan byvoorbeeld waardevol vir die jeug wees omdat dit die motiveringsisteem betrek op 'n wyse wat ontwikkeling na volwassenheid bevorder (Bergin, 1996). Larson (2000) noem dat adolessente hulle kan uitleef in hierdie aktiwiteite en aktiewe agente word op maniere wat min gebeur in ander areas van hulle lewe. Dit behoort die kans op sukses van terapeutiese intervensies, waar deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite betrek word, te verhoog. Mense se identiteit en portuurgroep kan egter ook 'n invloed uitoefen op hul keuse van ekstrakurrikulêre aktiwiteite en sodoende 'n sinergistiese sisteem skep wat 'n spesifieke tipe adolessensie tot gevolg het (Eccles & Barber, 1999). Volgens Gilman (2001) is daar nog min navorsing gedoen oor hoe deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite adolessente se psigiese welstand mag beïnvloed.

Deelname aan ekstrakurrikulêre en veral fisieke aktiwiteite is reeds teoreties verbind met lewenstevredenheid (Gilman, 2001) en die instandhouding van 'n hoë lewenskwaliteit (Clark *et al.*, 1999). Clark *et al.* (1999) het bevind dat vroue van 65 jaar en ouer, wat gereeld aan fisieke aktiwiteite deelneem, 'n hoër lewenstevredenheid rapporteer as vroue wat ongereeld of glad nie deelneem nie. Kirshnit, Ham en Richards (in Davalos *et al.*, 1999) het die invloed van sport op die algemene welstand van graad 5 tot 9 leerders ondersoek en gevind dat sport as een van die mees positiewe aktiwiteite in adolessente se lewe beskou kan word. Meer spesifiek dui hulle aan dat adolessente se betrokkenheid by sport met hoër vlakke van motivering en positiewe affek geassosieer kan word as wanneer hulle betrokke sou wees by ander aktiwiteite. Maton (in Gilman, 2001) het ook reeds 'n positiewe verband tussen deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite en lewenstevredenheid tydens 'n steekproef van hoërskoolleerders gevind. Hierdie verband kom dus by verskillende ouderdomsgroepe voor. Volgens Clark *et al.* (1999) suggereer hierdie navorsing dat fisieke aktiwiteite gebruik kan word as 'n metode om lewenstevredenheid te verhoog. Verdere navorsing is egter nodig om die oorsaaklike verband tussen fisieke aktiwiteit en lewenstevredenheid te ondersoek. Die verband tussen fisieke aktiwiteit en koherensiesin moet ook nog bepaal word. Alhoewel dit waarskynlik mag wees dat oefening lewenstevredenheid verhoog, is die teenoorgestelde verband ook moontlik, naamlik dat persone wat meer tevrede is met hulle lewens mag kies om meer aktief te wees (Clark *et al.*, 1999).

Hudgson (1992) se navorsing het gevoelens van vervulling en fisieke en/of psigiese verkwikking as potensiële psigiese voordele van deelname aan vryetydsaktiwiteite onder volwassenes in Suid-Afrika uitgewys. Ander navorsing op hierdie gebied wat in Suid-Afrika onderneem is, het hoofsaaklik patrone van deelname of aktiwiteite van verskillende gemeenskappe ondersoek, of gefokus op 'n spesifieke ekstrakurrikulêre aktiwiteit soos sport (Hudgson, 1992). Brink (1989) het byvoorbeeld die stand van ekstrakurrikulêre aktiwiteite aan wit sekondêre skole in Suid-Afrika ondersoek en bevind dat by die meeste skole, 90% en meer van die leerders onbetrokke is by kulturele aktiwiteite. Cilliers (1991) noem dat skoolhoofde 'n gebrek aan belangstelling en vervoerprobleme as die vernaamste redes vir gebrek aan deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite beskou.

Jacobs en Chase (1989) het ook bevind dat faktore soos geslag en sosio-ekonomiese status van die skool die mate waarin leerders aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite deelneem, beïnvloed. Wat eersgenoemde betref, toon die vroulike geslag volgens Camp (1990) en Jacobs en Chase (1989) groter deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite, terwyl Davalos *et al.* (1999) bevind het dat die manlike geslag meer geneig is om aan sport-aktiwiteite deel te neem.

Wat sosio-ekonomiese status betref, het Jacobs en Chase (1989) bevind dat by skole met 'n hoër sosio-ekonomiese status, meer leerders deelneem aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite. Teenstrydig hiermee, het McNeal (1999) gevind dat die individuele leerder se deelname beduidend laer was by 'n skool waar die leerders 'n hoër sosio-ekonomiese status het. 'n Moontlike rede vir dié teenstrydigheid mag die tydsverloop tussen die artikels van hierdie navorsers wees en die situasie kon intussen verander het. Gevolglik kan deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite verskille in die sosio-ekonomiese status van leerders beklemtoon (Mahoney & Cairns, 1997). McNeal (1999) het ook bevind dat skoolstruktuur en -konteks beduidende bepalers van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite is deur onder meer leerders se toegang tot hierdie aktiwiteite te beïnvloed. Leerders by groter skole of by skole waar daar probleme soos diefstal, vandalisme, dwelms, verkragting en wapenbesit voorkom, en waar substansiële verbale of fisieke konflik tussen leerders of tussen leerders en onderwysers is, sal oor die algemeen minder geneig wees om aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite deel te neem. Brink (1989) het reeds vroeër met sy navorsing in Suid-Afrika bevind dat die gemiddelde persentasie deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite die grootste is by skole in plattelandse dorpe.

Baie sekondêre skole in Suid-Afrika moedig hul leerders aan om aktiwiteite wat buite die akademiese kurrikulum val, te beoefen (Mahoney & Cairns, 1997). Hierdie ekstrakurrikulêre aktiwiteite kan gedefinieer word as vrywillige, gestruktureerde aktiwiteite wat buite die formele, voorgeskrewe amptelike skoolprogram val en fisieke en/of psigiese stimulasie aan die leerder verskaf. Dit kan byvoorbeeld kulturele of sportaktiwiteite behels en mededingend of nie-mededingend van aard wees (Van der Merwe, 1992; Larson, 2000; Gilman, 2001). Asmal (2001) dui aan dat daar steeds 'n plek vir ekstrakurrikulêre aktiwiteite in Suid-Afrikaanse skole is en die Opvoedingstrategieë van die Manifesto oor Waardes, Opvoeding en Demokrasie maak voorsiening vir die insluiting van hierdie aktiwiteite binne sowel as buite die kurrikulum.

Volgens Asmal (1999) het die land se mense in Junie 1999 aan die provinsiale en nasionale regerings 'n mandaat en verantwoordelikheid gegee om die voorsiening van basiese dienste wat hulle lewenskwaliteit gaan verbeter, te versnel. Palmary en Moat (2002) sluit ekstrakurrikulêre aktiwiteite in by projekte wat die lewenskwaliteit van leerders met 'n lae sosio-ekonomiese status kan verbeter. Die Manifesto oor Waardes, Opvoeding en Demokrasie noem 16 strategieë waarmee beoog word om demokratiese waardes by die jeug tuis te bring, waarvan drie veral op ekstrakurrikulêre aktiwiteite betrekking het (Asmal, 2001). Hiervolgens moet kuns en kultuur eerstens deel gemaak word van die kurrikulum. Volgens Asmal voorsien dit 'n manier om die waardes van gelykheid, nie-rassisme, nie-seksisme, *ubuntu*, openlikheid, rekonsiliasie en respek aan jong mense te leer. Tweedens moet sport gebruik word om sosiale bande te vorm en nasiebou by skole te bevorder. Volgens hom het deelname aan sport in die onderwyssituasie gesonder en gelukkiger individue tot gevolg wat meer geneig is tot optimisme as wat voorkom by individue wat nie aan sport deelneem nie. Derdens moet 'n kultuur van kommunikasie en deelname in skole ontwikkel word en die uitvoerende kunste, debatsverenigings en kuns en kultuur-kurrikulum kan hier van groot waarde wees. Dit is noodsaaklik dat die moontlike verband van hierdie ekstrakurrikulêre aktiwiteite en die leerders se psigiese welstand ondersoek word.

Die verbetering van die jeug se lewenskwaliteit kan tot voordeel van die hele gemeenskap strek (Palmary & Moat, 2002). Indien daar wel 'n positiewe verband tussen deelname aan

ekstrakurrikulêre aktiwiteite en psigiese welstand bestaan, kan skole sowel as die plaaslike regering betrokke raak by projekte om meer leerders by sodanige aktiwiteite te betrek. Sodoende kan hul psigiese welstand, wat gekonseptualiseer word as lewenskwaliteit (lewenstevredenheid) én koherensiesin, verbeter en kan van die probleme in die opvoedingsstelsel waarvoor Asmal (1999) sy kommer uitgespreek het, aandag geniet. Hierdie projekte mag veral 'n groter impak hê by swart leerders van 'n laer sosio-ekonomiese status, aangesien hulle die leerders is wat meesal geraak word deur problematiese sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore wat lei tot die hoë voorkoms van depressiwiteit, selfmoord en posttraumatische stres wat Beukes (1994) aandui.

Alhoewel veral Asmal (1999, 2001) en Palmary en Moat (2002) van mening is dat projekte, wat deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite by veral leerders van 'n lae sosio-ekonomiese status bevorder, voordelig mag wees en verbeterde lewenskwaliteit tot gevolg mag hê, word hierdie menings nie tans deur Suid-Afrikaanse navorsing gesteun nie. Palmary en Moat het bevind dat die swart jeug in Suid-Afrika die primêre slagoffers is van misdaad sowel as die geweldenaars en misdadigers in die land. In die lig hiervan, sowel as die bevindinge van Beukes (1994) blyk dit asof daar veral wat hierdie leerders betref, 'n behoefte bestaan aan navorsing wat die implementering van projekte vir die verbetering van psigiese welstand ondersteun.

Die doel van die studie was om die verband tussen deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite en psigiese welstand by swart adolessente te ondersoek. Aangesien die mate van deelname aan sodanige aktiwiteite mag afhang van die adolessent se vlak van sosio-ekonomiese status wat sy/haar ouers het, is laasgenoemde veranderlike as 'n moderator in die verband tussen die eersgenoemde twee veranderlikes gebruik.

## **METODE**

Daar is gefokus op swart leerders, aangesien dit hulle is wat hoofsaaklik geraak word deur geweld, misdaad en problematiese sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore wat lei tot 'n hoë voorkoms van depressiwiteit, selfmoord en posttraumatische stres (Beukes, 1994; Palmary & Moat, 2002). Hierdie leerders mag dus die meeste baat vind by projekte wat daarop gerig word om meer leerders by ekstrakurrikulêre aktiwiteite te betrek ten einde hul psigiese welstand, te verbeter. Toestemming vir die navorsing is van die Vrystaatse Departement van Onderwys sowel as die betrokke skoolhoofde bekom.

### **Ondersoekgroep**

Die studie is met graad 11- en 12- leerders aan twee Engelsmedium, sekondêre skole in die Motheo-distrik gedoen. Die twee skole is onderskeidelik verteenwoordigend van 'n tradisionele Model C- en 'n township-skool en leerders van albei geslagte kom in die skole voor. In totaal is 548 vraelyste voltooi, waarvan 508 leerders (92.7%) hul bevolkingsgroep as swart aangedui het. Slegs hierdie leerders se inligting is in die ontledings benut. Van hierdie 508 leerders het onderskeidelik 234 (46.1%) en 264 (52.0%) aangetoon dat hulle manlik en vroulik is. Tien (1.9%) van die groep het nie hul geslag aangetoon nie. Die samestelling van die ondersoekgroep met betrekking tot graad en geslag word in Tabel 1 weergegee.

TABEL 1. SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP MET BETREKKING TOT GRAAD EN GESLAG

|                      | Graad 11 |      |         |      | Graad 12 |      |         |      | Rytotaal |       |
|----------------------|----------|------|---------|------|----------|------|---------|------|----------|-------|
|                      | Seuns    |      | Dogters |      | Seuns    |      | Dogters |      |          |       |
|                      | N        | %    | N       | %    | N        | %    | N       | %    | N        | %     |
| <b>Skool 1</b>       | 27       | 37.0 | 46      | 63.0 | 52       | 35.4 | 95      | 64.6 | 220      | 44.2  |
| <b>Skool 2</b>       | 103      | 56.6 | 79      | 43.4 | 52       | 54.2 | 44      | 45.8 | 278      | 55.8  |
| <b>Kolom-totale:</b> | 130      | 51.0 | 125     | 49.0 | 104      | 42.8 | 139     | 57.2 | 498      | 100.0 |

Nota 1: Vier leerders in skool 1 en vier leerders in skool 2 het geen geslag aangetoon nie.

Nota 2: Twee leerders in skool 2 het nie hul graad aangetoon nie.

Dit blyk dat skool 1 meer dogters as seuns in graad 11 en 12 het, terwyl skool 2 meer seuns as dogters in graad 11 en 12 het.

### Meetinstrumente

Soos reeds aangetoon is dit nodig om metings rakende die adolessente se psigiese welstand, ekstrakurrikulêre aktiwiteite en sosio-ekonomiese status te verkry. In die geval van hul psigiese welstand is dit nodig om die mate van lewenstevredenheid sowel as koherensiesin wat hulle ervaar, te betrek. Die meetinstrumente wat gebruik is om al die betrokke veranderlikes te meet, word vervolgens bespreek.

### *Psigiese welstand*

#### Satisfaction with Life Questionnaire

Die Satisfaction with Life Questionnaire (Diener *et al.* 1985) is 'n selfrapporteringsvraelys wat bestaan uit vyf items en individue se evaluering van hul lewenskwaliteit op 'n kognitief-beoordelende vlak meet. 'n Voorbeeld van 'n vraag is: "In most ways my life is close to ideal". Individue dui die mate waarin hulle met elk van die vyf items saamstem of verskil op 'n sewepuntskaal aan (1= Stem beslis nie saam nie, 7= Stem beslis saam). Die totale telling kan dus wissel van 5 (lae lewenstevredenheid) tot 35 (hoë lewenstevredenheid). Tellings tussen 15 en 25 word as gemiddeld beskou. Diener *et al.* (1985) het 'n betroubaarheid van 0.87 volgens Cronbach se alfakoëffisiënt en 'n toets-hertoets korrelasie koëffisiënt van 0.82 met 'n twee maande interval gevind. Die vraelys beskik dus oor hoë betroubaarheid. Wissing en Van Eeden (2002) het bevind dat die vraelys ook geldig en betroubaar is vir gebruik in 'n Afrika-konteks.

#### Sense of Coherence Questionnaire (SOC)

Die SOC is 'n selfrapporteringsvraelys wat bestaan uit 29 items en spesifiek deur Antonovsky (1987) opgestel is om koherensiesin, of hoe individue hul wêreld ervaar, te meet. Koherensiesin sluit perseptuele, kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte in en bestaan uit drie verweefde komponente: verstaanbaarheid (wete dat lewe georden/konsekwent is en sin maak), beheerbaarheid (mate waarin waarneem dat vereistes kan hanteer) en sinvolheid (mate

waarin voel dat lewe emosioneel sin maak) . Die vrae word beantwoord op 'n sewe-punt semantiese differensiële skaal. 'n Voorbeeld van 'n vraag in die vraelys is: “Do you have the feeling that you do not really care about what goes on around you?” Volgens Antonovsky meet die skaal drie komponente van koherensiesin, naamlik verstaanbaarheid (“comprehensibility”), hanteerbaarheid (“manageability”) en betekenisvolheid (“meaningfulness”). Aparte tellings kan vir elkeen van die drie komponente verkry word, maar Antonovsky het beklemtoon dat koherensiesin 'n samestelling is wat uit 'n enkele dimensie bestaan en dat die komponente nie van mekaar onderskei moet word nie. Dus is die totaalstelling gebruik vir die doel van hierdie studie. Hoe hoër die telling is wat 'n individu behaal, hoe beter is 'n mens se koherensiesin. Volgens Antonovsky (1987) kon adolessente nog net 'n tentatiewe koherensiesin ontwikkel het. Ten spyte hiervan doen Antonovsky (1993) verslag oor 'n aantal studies waar die vraelys wel by adolessente gebruik is. Die vraelys lewer wel hoër interne konsekwente metings aangesien Cronbach alfakoëffisiënte van tussen 0.82 en 0.95 gerapporteer word (Antonovsky, 1993).

Omdat die ondersoekgroep uit swart adolessente van verskeie taalgroepe bestaan en hulle uit Engelsmedium skole afkomstig is, is besluit om die vraelys in Engels af te neem.

### ***Ekstrakurrikulêre aktiwiteite***

Leerders het 'n vraelys ingevul waarop aangedui moes word aan watter aktiwiteite hulle deelneem, hoeveel ure hulle per week aan elke aktiwiteit bestee en op watter vlak hulle aan elke aktiwiteit deelneem. Wat die soorte aktiwiteite betref, is 'n lys van die ekstrakurrikulêre aktiwiteite wat by elke skool aangebied word van die skool verkry en leerders moes afmerk aan watter aktiwiteite hulle deelneem. Leerders moes ook aandui aan watter aktiwiteite hulle buite skoolverband deelneem. 'n Enkele telling vir deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite is verkry deur die aantal ure per week wat aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite deelgeneem word, by mekaar te tel.

### ***Sosio-ekonomiese status***

Sosio-ekonomiese status is as moderator in die verband tussen psigiese welstand en deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite ondersoek, aangesien die mate van deelname aan buitemuurse aktiwiteite mag afhang van die sosio-ekonomiese status van die adolessent se ouers. Riordan (1978) se skaal is gebruik om sosio-ekonomiese status te bepaal. Hiervolgens moet leerders die broodwinner in die huis se beroep (wat Riordan in nege kategorieë geklassifiseer het) asook ook sy/haar opvoedkundige vlak (op 'n sewe-punt skaal, vanaf “geen opleiding” tot “'n universiteitskwalifikasie”), aandui. Response op die twee veranderlikes (beroep en opvoedkundige peil) is dan bymekaar getel sodat 'n hoër telling op 'n hoër vlak van sosio-ekonomiese status dui.

### **Hipotese**

Die volgende navorsingshipotese is ondersoek:

Daar is 'n beduidende positiewe verband tussen swart adolessente se psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite nadat die effek van hul sosio-ekonomiese status verwyder is.

Genoemde hipotese is vir die leerders in die twee skole asook vir die twee geslagte afsonderlik ondersoek. Daar is verwag dat die sosio-ekonomiese status van leerders en dus die geleentheid vir deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite hoër sou wees by die Model C-skool, en dat dit 'n invloed kon hê op die verband tussen deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite en psigiese welstand. Daar is onderskei tussen die geslagte, aangesien vorige navorsing (Antonovsky & Sagy, 1986) reeds verskille in deelname tussen die geslagte aangedui het, en dit moontlik gepaard kan gaan met 'n verskil in psigiese welstand tussen die geslagte. Verskille in die koherensiesin van die geslagte is ook reeds gevind. Daar is verder onderskei tussen ekstrakurrikulêre aktiwiteite wat binne die skoolverband aangebied word en aktiwiteite waaraan leerders buite skoolverband deelneem, aangesien die plek waar leerders aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite deelneem ook 'n invloed mag uitoefen op hul psigiese welstand.

### Prosedure

Met hierdie ondersoek word die verband tussen die swart adolessente se psigiese welstand ( $x_1$ ) (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite ( $x_2$ ) ondersoek en wel nadat hul sosio-ekonomiese status ( $x_3$ ) se rol in hierdie verband gekontroleer is. Gevolglik is die soort navorsing wat ter sprake is nie-eksperimenteel, terwyl van 'n korrelasionele ontwerp gebruik gemaak word (Huysamen, 1994).

Die korrelasie wat die verband tussen twee veranderlikes  $x_1$  en  $x_2$  meet nadat die invloed van 'n derde veranderlike  $x_3$  uitgehaal is, word die eerste-orde partiële korrelasie genoem (Bless & Kathuria, 1993). Die korrelasiekoëffisiënt wat op hierdie wyse bekom word, verklaar die effek wat een veranderlike op 'n ander het nadat die invloed van 'n derde veranderlike uitgehaal ("partialled out") is.

Ten einde ook uitspraak te lewer oor die praktiese belang van statisties beduidende resultate wat met die ondersoek gevind sou word, sal die praktiese beduidendheid van die resultate ook bekyk word. As maatstaf van praktiese beduidendheid sal effekgroottes bereken word. By die bepaling van die praktiese beduidendheid van lineêre verbande tussen veranderlikes, stel Cohen (Steyn, 1999) voor dat die korrelasiekoëffisiënt, naamlik  $p$ , as effekgrootte gebruik word en die riglynwaardes wat deur hom voorgestel word, is soos volg: 0.1 klein effek; 0.3 medium effek en 0.5 groot effek. Slegs wanneer statisties beduidende resultate (op die 1%- of 5%-peil) gevind word, sal die ooreenstemmende effekgroottes bereken word.

Tydens die ontleding van die data is die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 2001) gebruik en dit word vervolgens bespreek.

### RESULTATE

Alvorens daartoe oorgegaan word om die gestelde navorsingshipotese te ondersoek, word die beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) vir die twee skole afsonderlik, sowel as vir die totale ondersoeksgroep rakende die betrokke veranderlikes in Tabel 2 aangetoon.

Wat lewenstevredenheid betref, het albei skole se leerders gemiddelde tellings (20.84 en 22.21) behaal. Hierdie tellings is effens laer as die tellings wat Wissing en Van Eeden (2002)

by jong wit volwassenes (23.24) en swart volwassenes (22.64) in Suid-Afrika gevind het. Wat koherensiesin betref, het leerders van beide skole weereens gemiddelde tellings (126.2 en 126.7) behaal. Wissing en Van Eeden (2002) het tellings van 134.37 by jong wit volwassenes en 133.49 by swart volwassenes in Suid-Afrika gevind. Hierdie tellings is, alhoewel dit ook gemiddeld is, hoër as wat in hierdie studie gevind is. Dit mag daaraan toegeskryf word dat adolessente waarskynlik laer tellings op die vraelyste kan behaal. Die feit dat die leerders die vraelys in hulle tweede/derde taal moes voltooi en dalk probleme ondervind het om die vlak van taal in die vraelys (wat ontwikkel is vir gebruik met volwassenes) te begryp, kon ook die tellings beïnvloed het.

**TABEL 2. GEMIDDELDDES EN STANDAARDAFWYKINGS VAN DIE BETROKKE VERANDERLIKES VIR DIE TWEE SKOLE AFSONDERLIK EN DIE TOTALE ONDERSOEKGROEP**

| Veranderlike                         | Skool 1 |           |       | Skool 2 |           |       | Totaal |           |       |
|--------------------------------------|---------|-----------|-------|---------|-----------|-------|--------|-----------|-------|
|                                      | N       | $\bar{X}$ | S     | N       | $\bar{X}$ | S     | N      | $\bar{X}$ | S     |
| Lewenstevredenheid                   | 220     | 20.84     | 6.53  | 273     | 22.21     | 5.99  | 493    | 21.60     | 6.27  |
| Koherensiesin                        | 219     | 126.20    | 22.98 | 247     | 126.74    | 21.78 | 466    | 126.49    | 22.33 |
| Ekstrakurrikulêre aktiwiteite: Skool | 220     | 3.96      | 6.78  | 280     | 2.99      | 8.95  | 500    | 3.42      | 8.07  |
| Ekstrakurrikulêre aktiwiteite: Ander | 220     | 1.26      | 4.43  | 280     | 1.16      | 2.61  | 500    | 1.20      | 3.52  |
| Sosio-ekonomiese status              | 219     | 11.99     | 3.67  | 271     | 5.66      | 2.93  | 490    | 8.49      | 4.55  |

Nota 1: Die twee leerders van skool 2 wat nie hul graad aangedui het nie, vorm nou deel van die totale groep, gevolglik kan N=500.

Statisties beduidende verskille in die gemiddelde lewenstevredenheid (skool 1:  $\bar{X}$ =20.84;  $s$ =6.53 en skool 2:  $\bar{X}$ =22.21;  $s$ =5.99;  $p<0.05$ ), asook die gemiddelde sosio-ekonomiese status (skool 1:  $\bar{X}$ =11.99;  $s$ =3.67 en skool 2:  $\bar{X}$ =5.66;  $s$ =2.93;  $p<0.01$ ), is vir die leerders in skool 1 en skool 2 gevind. In eersgenoemde geval is die effekgrootte klein, terwyl wat sosio-ekonomiese status betref, 'n groot effekgrootte voorkom. Dit is duidelik dat die leerders in skool 1 'n aansienlik hoër mate van sosio-ekonomiese status as die leerders in skool 2 het.

Om ondersoek in te stel na die verband tussen die ondersoekgroep se deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne/buite skoolverband) en hul psigiese welstand (met die kontrole van hul sosio-ekonomiese status), is Pearson se produkmoment-korrelasiekoëffisiënte bereken. Die resultate vir die hele groep (Tabel 3), die leerders in die twee skole afsonderlik (Tabel 4) en vir die seuns en dogters in elk van die twee skole (Tabel 5), word vervolgens aangetoon.

Uit Tabel 3 blyk dit dat daar nie 'n beduidende korrelasie tussen die adolessente se **lewenstevredenheid** en die mate van hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) voorkom nie. Hierdie verbande neem ook nie beduidend toe wanneer vir die invloed van hul sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie ( $r_{12,3}$ ). Sosio-ekonomiese status het dus nie 'n beduidende effek op die verbande tussen hul

lewenstevredenheid en ekstrakurrikulêre aktiwiteit (binne sowel as buite skoolverband) vir die hele ondersoekgroep nie.

TABEL 3. KORRELASIEKOËFFISIËNTE VIR TOTALE GROEP (N=508)

| Ekstra-kurrikulêr | Korrelasies                       | Lewenstevredenheid | Koherensiesin |
|-------------------|-----------------------------------|--------------------|---------------|
| Binne skool       | $r_{12}$                          | -0.01              | 0.07          |
|                   | $r_{13}$                          | -0.05              | 0.10*         |
|                   | $r_{23}$                          | 0.07               | 0.07          |
|                   | $r_{12,3}$ (parsiele koëffisiënt) | -0.01              | 0.08          |
| Buite skool       | $r_{12}$                          | 0.03               | 0.10*         |
|                   | $r_{13}$                          | -0.05              | 0.10*         |
|                   | $r_{23}$                          | 0.05               | 0.05          |
|                   | $r_{12,3}$ (parsiele koëffisiënt) | 0.03               | 0.10          |

Nota: [ $x_1$ =lewenstevredenheid/koherensiesin;  $x_2$ =ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne/buite) en  $x_3$ =sosio-ekonomiese status]

\*\*  $\rho \leq 0.01$

\*  $\rho \leq 0.05$

Verder blyk uit Tabel 3 dat daar wel 'n beduidende verband (op die 5%-peil) tussen die adolessente se **koherensiesin** en hul mate van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite **buite** skoolverband ( $r_{12}$ ) voorkom. Hierdie koëffisiënt toon egter 'n klein effekgrootte. 'n Beduidende verband (op die 5%-peil) kom wel tussen koherensiesin en sosio-ekonomiese status ( $r_{13}$ ) vir die totale groep voor. Dus, hoe hoër die adolessent se sosio-ekonomiese status, hoe hoër is sy/haar belewenis van die “verstaanbaarheid”, “hanteerbaarheid” en “betekenisvolheid” van die lewe (hierdie drie sake verwys na die komponente van koherensiesin). Wanneer die invloed van sosio-ekonomiese status gekontroleer word, word 'n parsiele koëffisiënt ( $r_{12,3}$ ) van 0.10 verkry wat dieselfde koëffisiënt is wat deur  $r_{12}$  verteenwoordig word. Daar kom dus nie 'n beduidende toename in die verband tussen  $x_1$  en  $x_2$  voor wanneer vir die invloed van sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie. Sosio-ekonomiese status het dus nie 'n beduidende effek op hierdie verband vir die totale ondersoekgroep nie.

Die navorsingshipotese is ook vir die leerders in die twee skole afsonderlik ondersoek en die resultate hiervan verskyn in Tabel 4.

Uit Tabel 4 blyk dit dat daar nie 'n beduidende korrelasie tussen die adolessente in skool 1 se **lewenstevredenheid** en hul mate van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) voorkom nie. Daar kom ook nie 'n beduidende verband tussen **koherensiesin** en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) voor nie. Hierdie verbande neem ook nie beduidend toe wanneer vir die invloed van hul sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie ( $r_{12,3}$ ). Sosio-ekonomiese status het dus nie vir die leerders in skool 1 'n beduidende effek op die verband tussen hul psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) nie.

TABEL 4. KORRELASIEKOËFFISIËNTE VIR DIE LEERDERS IN DIE TWEE SKOLE

| Ekstra-kurrikulêr | Korrelasies                       | Skool 1 (N=220)     |               | Skool 2 (N=280)     |               |
|-------------------|-----------------------------------|---------------------|---------------|---------------------|---------------|
|                   |                                   | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin |
| Binne skool       | $r_{12}$                          | -0.07               | 0.09          | 0.05                | 0.05          |
|                   | $r_{13}$                          | 0.01                | 0.13          | 0.06                | 0.17**        |
|                   | $r_{23}$                          | 0.12                | 0.12          | -0.01               | -0.01         |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | -0.07               | 0.08          | 0.05                | 0.05          |
| Buite skool       | $r_{12}$                          | 0.04                | 0.06          | 0.02                | 0.16*         |
|                   | $r_{13}$                          | 0.01                | 0.13          | 0.06                | 0.17**        |
|                   | $r_{23}$                          | 0.07                | 0.07          | 0.01                | 0.01          |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | 0.04                | 0.05          | 0.02                | 0.16          |

Nota: [ $x_1$ =lewenstevredenheid/koherensiesin;  $x_2$ =ekstrakurrikulêre aktiwiteit (binne/buite) en  $x_3$ =sosio-ekonomiese status]

\*\*  $p \leq 0.01$ , \*  $p \leq 0.05$

Verder blyk uit Tabel 4 dat daar nie 'n beduidende korrelasie tussen die adolessente in skool 2 se **lewenstevredenheid** en hul mate van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteit (binne sowel as buite skoolverband) voorkom nie. Daar kom wel 'n beduidende verband (op die 5%-peil) tussen die adolessente in skool 2 se **koherensiesin** en hul mate van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteit **buite** skoolverband ( $r_{12}$ ) voor. Dus, hoe meer die adolessente aan ekstrakurrikulêre aktiwiteit deelneem, hoe groter is hulle koherensiesin. Hierdie koëffisiënt toon egter 'n klein effekgrootte. Vir die leerders in skool 2 kom op die 1%-peil 'n beduidende verband tussen hul koherensiesin en sosio-ekonomiese status ( $r_{13}$ ) voor. Wanneer die invloed van sosio-ekonomiese status gekontroleer word, word 'n parsiele koëffisiënt ( $r_{12.3}$ ) van 0.16 verkry wat dieselfde koëffisiënt is wat deur  $r_{12}$  verteenwoordig word. Daar kom dus nie 'n beduidende toename in die verband tussen  $x_1$  en  $x_2$  voor wanneer die invloed van sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie. Sosio-ekonomiese status het dus nie 'n beduidende effek op albei hierdie verbande vir die leerders in skool 2 nie.

Die navorsingshipotese is verder ondersoek deur die ontledings vir die twee geslagte in elke skool afsonderlik te doen en die resultate hiervan verskyn vir skool 1 in Tabel 5 en vir skool 2 in Tabel 6.

Volgens die resultate in Tabel 5 toon die seuns en dogters van skool 1 nie 'n beduidende korrelasie tussen die mate van psigiese welstand (**lewenstevredenheid en koherensiesin**) en hul mate van deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteit (binne sowel as buite skoolverband) nie. Vir die dogters in skool 1 kom wel op die 1%-peil 'n beduidende positiewe verband tussen hulle aantal ekstrakurrikulêre skoolaktiwiteit en sosio-ekonomiese status voor. Daar kom egter vir beide die geslagte nie 'n beduidende toename in hierdie verbande voor wanneer vir die invloed van hul sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie ( $r_{12.3}$ ). Sosio-ekonomiese

status het dus nie 'n beduidende effek op die verband tussen hul psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) vir die seuns en dogters in skool 1 nie.

**TABEL 5. KORRELASIEKOËFFISIËNTE VIR DIE SEUNS EN DOGTERS IN SKOOL 1**

| Ekstra-kurrikulêr | Korrelasies                       | Seuns (N=79)        |               | Dogters (n=140)     |               |
|-------------------|-----------------------------------|---------------------|---------------|---------------------|---------------|
|                   |                                   | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin |
| Binne skool       | $r_{12}$                          | -0.13               | 0.07          | -0.02               | 0.10          |
|                   | $r_{13}$                          | -0.05               | 0.12          | 0.04                | 0.13          |
|                   | $r_{23}$                          | 0.06                | 0.06          | 0.22**              | 0.22**        |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | -0.13               | 0.06          | -0.03               | 0.07          |
| Buite skool       | $r_{12}$                          | 0.13                | 0.15          | 0.02                | 0.05          |
|                   | $r_{13}$                          | -0.05               | 0.12          | 0.04                | 0.13          |
|                   | $r_{23}$                          | 0.06                | 0.06          | 0.07                | 0.07          |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | 0.13                | 0.14          | 0.02                | 0.04          |

Nota: [ $x_1$ =lewenstevredenheid/koherensiesin;  $x_2$ =ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne/buite) en  $x_3$ =sosio-ekonomiese status]

\*\*  $\rho \leq 0.01$ , \*  $\rho \leq 0.05$

Die resultate van die seuns en dogters in skool 2 word in Tabel 6 aangedui.

**TABEL 6. KORRELASIEKOËFFISIËNTE VIR DIE SEUNS EN DOGTERS IN SKOOL 2**

| Ekstra-kurrikulêr | Korrelasies                       | Seuns (N=156)       |               | Dogters (n=124)     |               |
|-------------------|-----------------------------------|---------------------|---------------|---------------------|---------------|
|                   |                                   | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin | Lewens-tevredenheid | Koherensiesin |
| Binne skool       | $r_{12}$                          | 0.10                | 0.08          | -0.02               | 0.03          |
|                   | $r_{13}$                          | 0.02                | 0.25**        | 0.09                | 0.08          |
|                   | $r_{23}$                          | 0.05                | 0.05          | -0.06               | -0.06         |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | 0.10                | 0.07          | -0.02               | 0.04          |
| Buite skool       | $r_{12}$                          | 0.04                | 0.11          | -0.01               | 0.21*         |
|                   | $r_{13}$                          | 0.02                | 0.25**        | 0.09                | 0.08          |
|                   | $r_{23}$                          | -0.02               | -0.02         | 0.04                | 0.04          |
|                   | $r_{12.3}$ (parsiele koëffisiënt) | 0.04                | 0.12          | -0.01               | 0.21          |

Nota: [ $x_1$ =lewenstevredenheid/koherensiesin;  $x_2$ =ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne/buite) en  $x_3$ =sosio-ekonomiese status]

\*\*  $\rho \leq 0.01$ , \*  $\rho \leq 0.05$

Vanuit Tabel 6 is dit duidelik dat daar wel 'n beduidende korrelasie (op die 5%-peil) vir die dogters van skool 2 tussen die mate van koherensiesin wat hulle ervaar en hul deelname aan aktiwiteite wat buite skoolverband voorkom. Vir die seuns in skool 2 kom daar wel op die 1%-peil 'n beduidende positiewe verband tussen hul koherensiesin en sosio-ekonomiese status voor. Daar kom egter vir beide die geslagte nie 'n beduidende toename in hierdie verbande voor wanneer vir die invloed van hul sosio-ekonomiese status gekontroleer word nie ( $r_{12.3}$ ). Sosio-ekonomiese status het dus nie 'n beduidende effek op die verband tussen hul psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) vir die seuns en dogters in skool 2 nie.

Vanuit die resultate is dit duidelik dat sosio-ekonomiese status nie as 'n moderator in die verband tussen swart leerders se psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne sowel as buite skoolverband) met hierdie studie geïdentifiseer kon word nie.

### GEVOLGTREKKING

Daar is nie 'n beduidende verband tussen die totale groep sowel as die aparte skole se lewenstevredenheid en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite, sowel binne as buite die skool, gevind nie. Hierdie bevinding verskil van dié van Gilman en Maton (in Gilman, 2001).

Daar is wel 'n beduidende verband tussen koherensiesin en deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite buite skoolverband by die totale groep, sowel as by die township-skool, gevind. Hierdie verband is nog nie voorheen in navorsing aangetoon nie, maar is egter te klein om van praktiese waarde te wees. Leerders moet gewoonlik meer moeite doen om aan aktiwiteite buite die skool- as aan aktiwiteite binne die skoolverband deel te neem. Dit mag dus wees dat hierdie aktiwiteite vir hulle van meer waarde is en 'n groter bydrae lewer tot hul koherensiesin as aktiwiteite binne die skoolverband. Oorsaaklike gevolgtrekkings kan egter nie gemaak word nie en dit mag wees dat dit juis die leerders met 'n hoër koherensiesin is wat aan aktiwiteite buite die skoolverband deelneem. Toekomstige navorsing kan die verband tussen deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite en koherensiesin by ander bevolkingsgroepe en ouderdomsgroepe in Suid-Afrika ondersoek om vas te stel of daar ook by hierdie groepe 'n verband bestaan en indien wel, of dit groot genoeg is om van praktiese waarde te wees.

Wat die geslagte betref, is daar by die tradisionele Model C-skool, sowel as township-skool nie 'n beduidende verband vir seuns of dogters tussen psigiese welstand (lewenstevredenheid en koherensiesin) en ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne en buite die skoolverband) gevind nie.

Wat verskille tussen die twee skole betref, blyk dit dat die leerders van die township-skool beduidend hoër lewenstevredenheid toon as die leerders van die tradisionele Model C-skool. Hierdie verband is egter te klein om van praktiese waarde te wees. Dit mag wees dat, ten spyte van hul laer sosio-ekonomiese status en problematiese sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore (wat veral in die townships as voorheen benadeelde gebiede voorkom) daar ander faktore is wat hierdie leerders se lewenstevredenheid beïnvloed. By albei skole het leerders egter 'n gemiddelde lewenstevredenheid getoon. Toekomstige navorsing kan spesifiek

fokus op die verskillende faktore wat lewensstevredenheid by adolessente leerders van 'n lae sosio-ekonomiese status in 'n voorheen benadeelde gemeenskap beïnvloed en bevorder.

By die tradisionele Model C-skool is daar wel by dogters 'n beduidende positiewe verband tussen die aantal aktiwiteite waaraan hulle deelneem en hul sosio-ekonomiese status gevind. Dogters met 'n hoër sosio-ekonomiese status neem dus aan meer aktiwiteite deel. Dit bevestig Jacobs en Chase (1989) se bevinding dat by skole met 'n hoër sosio-ekonomiese status, meer leerders deelneem aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite, maar hier word dit net vir die vroulike geslag bevind. Jacobs en Chase (1989) en Camp (1990) het bevind dat die vroulike geslag oor die algemeen groter deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite toon, maar by hierdie studie hou hul groter deelname verband met 'n hoër sosio-ekonomiese status.

'n Beduidende positiewe verband kom wel voor tussen koherensiesin en sosio-ekonomiese status by die hele groep, die township-skool en seuns in die township-skool. Dit blyk dat leerders met 'n hoër sosio-ekonomiese status 'n hoër koherensiesin ervaar. By die township-skool waar leerders oor die algemeen 'n lae sosio-ekonomiese status het, mag 'n hoër sosio-ekonomiese status veral 'n invloed uitoefen op hoe swart adolessente, en dan veral die seuns, hul wêreld ervaar. Hierdie verband is veral belangrik as in ag geneem word dat dit veral swart seuns is wat deur sosiale probleme, misdaad en geweld geraak word. Aangesien leerders met 'n laer sosio-ekonomiese status oor 'n laer koherensiesin beskik, sou dit beteken dat hulle 'n groter gevaar loop om depressiwiteit, selfmoordgedagtes en posttraumatische stres, as 'n gevolg van blootstelling aan bogenoemde probleme te ontwikkel, aangesien hulle oor 'n laer koherensiesin beskik. By albei skole het leerders egter steeds 'n gemiddelde koherensiesin getoon, wat mag aandui dat die sosiale probleme, misdaad en geweld in die gemeenskap van hoofsaaklik die township-skool nie op hierdie stadium 'n beduidende negatiewe invloed op hierdie leerders se koherensiesin uitoefen nie. Toekomstige navorsing kan dus spesifiek fokus op die verskillende faktore wat koherensiesin by adolessente van 'n lae sosio-ekonomiese status in 'n voorheen benadeelde gemeenskap beïnvloed en bevorder.

Daar is ook bevind dat die leerders in die tradisionele Model C-skool wel 'n beduidende hoër mate van sosio-ekonomiese status as die leerders in die township-skool het. Ten spyte hiervan het sosio-ekonomiese status op geen van die verbande 'n beduidende effek uitgeoefen nie. Dit kan dus nie as moderator in die verband tussen swart leerders se psigiese welstand (lewensstevredenheid en koherensiesin) en hul deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite (binne en buite skoolverband) met hierdie studie geïdentifiseer word nie. Weens die teenwoordigheid van 'n sentrum naby die township-skool waar ekstrakurrikulêre aktiwiteite aangebied word, het hulle meer geleenthede tot deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite as leerders by ander township-skole. Dit kan 'n moontlike verklaring wees waarom die leerders van die township-skool, ten spyte van hul laer sosio-ekonomiese status, meer geleenthede tot deelname het en gevolglik aan meer ekstrakurrikulêre aktiwiteite deelneem.

Die insluiting van ekstrakurrikulêre aktiwiteite, sowel binne as buite die kurrikulum as deel van projekte wat die lewenskwaliteit van veral leerders met 'n lae sosio-ekonomiese status kan verbeter en van die probleme in die opvoedingsstelsel waarvoor Asmal (1999) sy kommer uitgespreek het, moet dus verder nagevors word. Die verband tussen deelname aan spesifieke ekstrakurrikulêre aktiwiteite en psigiese welstand kan byvoorbeeld ondersoek word. In die huidige navorsing is van Riordan (1978) se skaal gebruik gemaak om sosio-ekonomiese status te bepaal. Hierdie skaal neem net die broodwinner se inkomste in ag. In toekomstige studies

behoort die tweede ouer se inkomste ook in berekening gebring te word waar die sosio-ekonomiese status van die deelnemers bepaal word.

Belangrike faktore wat 'n invloed kon uitoefen op die resultate was die feit dat die leerders die vraelyste in hul tweede/derde taal moes voltooi en dalk probleme ondervind het om die vlak van taal in veral die koherensiesinraelys, wat ontwikkel is vir gebruik met volwassenes, te begryp. Aangesien die ondersoekgroep uit swart adolessente van verskeie taalgroepe bestaan, die vraelys nog nie in al hierdie tale vertaal is nie en hulle in Engelsmediumskole was, is besluit om die vraelys in Engels af te neem en nie 'n vertaalde weergawe daarvan te gebruik nie. Daar is wel probeer om instruksies so duidelik as moontlik te maak, maar ten spyte hiervan blyk dit dat leerders in veral die township-skool minder vaardig is wat hul begrip van die Engelse taal betref. Toekomstige navorsing kan hierdie resultate met soortgelyke populasies waar die vertaalde vraelyste of die vereenvoudigde weergawe van die vraelys gebruik is, vergelyk. Die toepaslikheid van hierdie vertaalde vraelyste vir gebruik by adolessente in die Suid-Afrikaanse konteks behoort ook verder ondersoek te word.

## SUMMARY

### **The relationship between participation in extracurricular activities and psychological wellbeing in black adolescents**

#### **Introduction**

The adolescent is exposed to a variety of influences, both in and out of school. These influences contribute either positively or negatively to the development of the adolescent. Adolescence, as the bridge between childhood and adulthood, is one of the most complex transitional periods in life. Adolescents spend a large part of their day at school and it is important that they feel safe there. Improving the sense of safety at school ensures that schools are places where the quality of life is constantly being improved. Schooling can serve as a way to address the social, economic and environmental factors that increase the learner's chances of becoming involved in crime and other deviant behaviour. Participation in extracurricular activities, and especially physical activities, has already been theoretically linked to satisfaction with life (Gilman, 2001) and the maintenance of a high quality of life (Clark *et al.*, 1999).

Improving the quality of life of the youth could benefit the entire community (Palmary & Moat, 2002). If there is indeed a positive relationship between participation in extracurricular activities and psychological wellbeing, schools and the local government can participate in projects aimed at involving greater numbers of learners in extracurricular activities. In this way their psychological wellbeing, conceptualised as both quality of life (satisfaction with life) and a sense of coherence, can be improved, and some of the specified problems can be overcome.

#### **Purpose of study**

The purpose of this study was to investigate the relationship between participation in extracurricular activities and psychological wellbeing amongst black adolescents. Since the extent of participation in extracurricular activities may depend on the socio-economic status of the adolescent's parents, this last variable was used as moderator in the relationship between the first two variables.

### **Survey population**

This study was conducted amongst 498 Grade 11 and 12 learners at two English-medium secondary schools in the Motheo district. The schools are representative of traditional Model C and township schools respectively, and learners of both genders attend the schools. In total, 548 questionnaires were completed, with 508 learners (92.7%) indicating their population group as black, and 10 of these learners not indicating their gender. Thus only these 498 learners were included in the survey population.

### **Measuring instruments**

The measuring instruments used to measure all the relevant variables were the Sense of Coherence Questionnaire (Antonovsky 1987), the Satisfaction with Life Questionnaire (Diener *et al.*, 1985), as well as a self-compiled questionnaire pertaining to extracurricular activities and socio-economic status. Learners completed a questionnaire by indicating the extracurricular activities (school related and non-school related) in which they participated, the number of hours per week spent on each activity, and the level at which they participated in each activity. To determine socio-economic status, Riordan's (1978) scale was used, in terms of which learners indicated the occupation of the household breadwinner, as well as this individual's level of education on a seven-point scale, ranging from "no education" to "a university qualification".

### **Results**

No significant relationship was found between satisfaction with life and participation in school-related and non-school-related extracurricular activities for the total group of learners or for the learners in each particular school. This finding differs from that of Gilman and Maton (in Gilman, 2001). However, a significant relationship was found between sense of coherence and participation in extracurricular activities outside of school for the total group of learners as well as the learners in the township school. With regard to the different genders, no significant relationship was found between the psychological wellbeing (satisfaction with life and sense of coherence) and extracurricular activities (school related and non-school related) amongst boys and girls at both the traditional Model C school and the township school.

With regard to differences between the two schools, it appears that learners at the township school enjoy a much greater sense of satisfaction with life than the learners at the traditional Model C school. Amongst the girls at the traditional Model C school, however, there was a significant positive relationship between the number of activities in which they participated and their socio-economic status. A significant positive relationship was observed between sense of coherence and socio-economic status for the total group of learners, all learners at the township school and boys attending the township school. It appears that learners with a higher socio-economic status experience a greater sense of coherence. It was also found that the learners at the traditional Model C school have a significantly higher degree of socio-economic status than the learners at the township school. Despite this, socio-economic status had no significant moderating effect on any of the relationships and can therefore not be identified as a moderator in this study of the relationship between black learners' psychological wellbeing (satisfaction with life and sense of coherence) and their participation in extracurricular activities (both in and out of school context).

### **Possible shortcomings of this study**

An important factor that could have had an influence on the results was the fact that the learners had to complete the questionnaire in their second/third language and might have

experienced problems comprehending certain concepts, particularly in the Sense of Coherence Questionnaire, which was designed for adult use.

#### Further research

The inclusion of extracurricular activities, both within and outside the curriculum, as components of projects designed to improve the quality of life of particularly learners with a low socio-economic status and as a way to address the problems in the education system regarding which Asmal (1999) expressed his concern, warrants further investigation. The relationship between participation in specific extramural activities and psychological wellbeing, for instance, should be investigated.

#### VERWYSINGS

- ANTONOVSKY, A. (1987). *Unravelling the mystery of health. How people manage stress and stay well*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- ANTONOVSKY, A. (1993). The structure and properties of the sense of coherence scale. *Social Science and Medicine*, 36: 725-733.
- ANTONOVSKY, H. & SAGY, S. (1986). The development of a sense of coherence and its impact on responses to stress situations. *Journal of Social Psychology*, 126: 213-225.
- ASMAL, K. (1999, July). *Call to action: Mobilising citizens to build a South African education and training system for the 21<sup>st</sup> century*. [[http://education.pwv.gov.za/Tirisano\\_Folder/Tirisano%20CALL%20TO%ACTION.html](http://education.pwv.gov.za/Tirisano_Folder/Tirisano%20CALL%20TO%ACTION.html)]. Retrieved 11 June 2003 from the World Wide Web.
- ASMAL, K. (2001, July). *Manifesto on values, education and democracy* [[www.wchsa.org.za/Archive/EdManifesto.doc](http://www.wchsa.org.za/Archive/EdManifesto.doc)]. Retrieved 11 June 2003 from the World Wide Web.
- BERGIN, D.A. (1996). Adolescents' out-of-school learning strategies. *Journal of Experimental Education*, 64(4): 309-323.
- BEUKES, R.B.I. (1994). Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- BLESS, C. & KATHURIA, R. (1993). *Fundamentals of social statistics: An African perspective*. Cape Town: Juta
- BOWMAN, B.J. (1996). Cross-cultural validation of Antonovsky's Sense of Coherence Scale. *Journal of Clinical Psychology*, 52(5): 547-549.
- BRINK, P.J.L. (1989). Die stand van ko-kurrikulêre aktiwiteite aan blanke sekondêre skole in die RSA. *Nou-blad*, 20(1): 8-9.
- CAMP, W.G. (1990). Participation in student activities and achievement: A covariance structural analysis. *Journal of Educational Research*, 83(5): 272-278.
- CILLIERS, C.P. (1991). Deelname aan buitemuurse aktiwiteite by Vrystaatse skole. *Vrystaatse Onderwyser*, 81(9): 14-19.
- CLARK, S.D.; LONG, M.M. & SCHIFFMAN, L.G. (1999). The mind-body connection: The relationship among physical activity level, life satisfaction, and cognitive age among mature females. *Journal of Social Behavior and Personality*, 14(2): 221-240.
- COETZEE, M. & UNDERHAY, C. (2003). Gesondheidsrisikogedrag by adolessente van verskillende ouderdomme. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning*, 25(2): 27-36.
- DAVALOS, D.B.; CHAVEZ, E.L. & GUARDIOLA, R.J. (1999). The effects of extracurricular activity, ethnic identification, and perception of school on student dropout rates. *Hispanic Journal of Behavioral Sciences*, 21(1): 61-77.
- DIENER, E. & DIENER, C. (1996). Most people are happy. *Psychological Science*, 7(3): 181-185.

- DIENER, E.; EMMONS, R.A.; LARSEN, R.J. & GRIFFIN, S. (1985). The Satisfaction With Life Scale. *Journal of Personality Assessment*, 49(1): 71-75.
- ECCLES, J.S. & BARBER, B.L. (1999). Student council, volunteering, basketball or marching band: What kind of extracurricular involvement matters? *Journal of Adolescent Research*, 14(1): 10-43.
- GILMAN, R. (2001). The relationship between life satisfaction, social interest, and frequency of extracurricular activities among adolescent students. *Journal of Youth and Adolescence*, 30(6): 749-767.
- HAMBURG, D. (1997). Toward a strategy for healthy adolescent development. *American Journal of Psychiatry*, 154(6): 7-12.
- HUDGSON, N.M. (1992). Perceived psychological benefits of participation in leisure activities. Unpublished doctoral dissertation. Durban: University of Durban-Westville.
- HUYSAMEN, G.K. (1994). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern.
- JACOBS, L.C. & CHASE, C.I. (1989). Student participation in and attitudes toward high school activities: Findings from a national study. *High School Journal*, 72(4): 175-181.
- LARSON, R.W. (2000). Toward a psychology of positive youth development. *American Psychologist*, 55(1): 170-183.
- MAHONEY, J.L. & CAIRNS, R.B. (1997). Do extracurricular activities protect against early school dropout? *Developmental Psychology*, 33(2): 241-253.
- MASTEN, A.S. & COATSWORTH, J.D. (1998). The development of competence in favorable and unfavorable environments. *American Psychologist*, 53(2): 205-220.
- McNEAL, R.B. (jr.) (1999). Participation in high school extracurricular activities: Investigating school effects. *Social Science Quarterly*, 80(2): 291-309.
- PALMARY, I. & MOAT, C. (2002, December). *Preventing criminality among young people. A resource book for local government* [www.csvr.org.za/papers/papincm.htm]. Retrieved 11 June 2003 from the World Wide Web.
- RIORDAN, Z.V.A. (1978). Locus of control in South Africa: A cross-ethnic study. Unpublished doctoral dissertation. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.
- SAS INSTITUTE (2001). *SAS user's guide: Statistics version* (5<sup>th</sup> ed.). Cary: Author.
- STEYN, H.S. (1999). *Praktiese beduidendheid: Die gebruik van effekgroottes*. Potchefstroom: Publikasiebeheer Komitee, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- VAN DER MERWE, R. (1992). Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram. *Unie*, 89(3): 90-94.
- WISSING, M. & VAN EEDEN, C. (2002). Empirical classification of the nature of psychological well-being. *South African Journal of Psychology*, 32(1): 32-44.